higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

NYWERHEIDSORGANISASIE EN -BEPLANNING N3

22 April 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
- 'n Onvoorwaardelike opdrag om te betaal
- Aan 'n bankier gerig
- Deur die trekker onderteken
- Op aanvraag betaalbaar
- Aan die order, of 'n spesiale persoon of die draer betaalbaar
- Vir 'n spesifieke bedrag geld (6)

1.2
- Briewe, fakse en e-posse
- Telefoonoproepe
- Sakedokumente soos bestellings, fakture, ens.
- Verslae oor verskeie aktiwiteite in die onderneming, notules van vergaderings, ens. (4)

1.3
- Rekords van voorraadopname
- Transaksierekords
- Verbruiksrekords (3)

1.4
- Voorraadkaarte
- Kaskaarte ('bin cards')
- Rekwisisies/uitreikingsbewyse
- Ontvangsvorms (verpakkingstrokies/vragbriewe)
- Aflewerings-/uitreikingsbewyse
- Vorms vir wegdoening van voorraad wat verval het
- Vorms vir fisiese voorraadopname
- Lys van goedgekeurde medikasie en pryse (Enige 7 × 1) (7)

[20]

VRAAG 2

2.1
- Dit help om tyd te bespaar en om die beskikbare tyd op die korrekte manier aan te wend.
- Wanneer tyd gespaar word, word geld gespaar en produkkoste word verlaag.
- Gehalte word nie noodwendig beïnvloed wanneer daar 'n beperking op tyd geplaas word nie.
- Dit is belangrik dat die gehalte van die produk gespesifiseer word wanneer 'n tydstudieprogram ingestel word. (4)

2.2
- Versamel inligting
- Teken inligting aan
- Hou inligting op rekord
- Berei inligting voor
- Liasseer/Veilige bewaring van inligting (Enige 4 × 1) (4)

2.3
- Die aanbod moet volledig wees.
- Die aanbod moet voorstelle oor al die noodsaaklike (sleutel-) vereistes van die voorgestelde kontrak insluit.
- Die aanbod moet duidelik, bepaald en ondubbelsinnig wees.
- Die aanbod moet gemaak word met die ernstige bedoeling om 'n regsverpligting te skep.
- Formaliteite is slegs noodsaaklik waar dit deur die wet of 'n ooreenkoms tussen die partye vereis word.
- Die aanbod moet aan die geadresseerde bekend gemaak word. (6)

2.4
- Deur wetgewing verbied
- In konflik met gemenereg
- In konflik met openbare belang (3)

2.5
- Voorraadkaarte.
- Kaskaarte ('bin cards')
- Rekwisisies/uitreikingsbewyse
- Ontvangsvorms (verpakkingstrokies/vragbriewe)
- Aflewerings-/uitreikingsbewyse
- Vorms vir wegdoening van voorraad wat verval het
- Vorms vir fisiese voorraadopname
- Lys van goedgekeurde medikasie en pryse (3)

[20]

VRAAG 3

3.1
- Identifiseer 'n behoefte vir verkryging (herbestelpunt of ontvangs van 'n rekwisisie)
- Evalueer die beskikbare verskaffers
- Kies 'n verskaffer deur 'n bodproses of onderhandeling
- Verkryging vind plaas wanneer 'n aankoopbestelling die proses aan die gang sit
- Deurlopende monitering van die verskaffer se prestasie ten einde die siklus met verloop van tyd te verbeter (5)

3.2
- Naam van die maatskappy
- Doel van die maatskappy
- Aanvullende doel wat uitgesluit is
- Bykomende bevoegdhede wat uitgesluit is
- Spesiale voorwaardes
- Vooroprigtingskontrakte
- Hoeveelheid aandelekapitaal en onderverdeling van aandele (7)

Kopiereg voorbehou

3.3 Vervaardiging✓
- Sistematiese ontleding wat die beste waarde-alternatiewe vir ontwerpe, materiale, prosesse en stelsels identifiseer en kies.✓
- Dit vind plaas deur herhaaldelik te vra of die koste van 'n item of stap verminder of geëlimineer kan word sonder om die doeltreffendheid of gehalte wat deur die klant vereis word, te verminder.✓
- Dit word ook waarde-ingenieurswese genoem; die doelwitte is om te onderskei tussen die koste wat aangegaan is (werklike gebruik van hulpbronne) en die ingeslote koste in 'n bepaalde ontwerp (en wat die koste wat aangegaan is bepaal) en om die ingeslote koste te verminder.✓

Aankope✓
- Ondersoek van elke verkrygingsitems om die totale koste van verkryging, onderhoud en gebruik oor die nuttige lewensduur te bepaal✓
- en om te bepaal of dit haalbaar is om dit met 'n meer kostedoeltreffende plaasvervanger te vervang.✓
- Word ook waarde-in-gebruik-ontleding genoem.✓ (2 × 4) (8)

[20]

VRAAG 4

4.1
- Die aard van die onderneming
- Kapitaal wat nodig is (beskikbaarheid van fondse)
- Die terrein en ligging
- Die grootte van die perseel
- Die voorkoms van die perseel
- Grondstowwe wat nodig is
- Vervoer en brandstof
- Arbeid wat nodig is
- Krag en water
- Klimaatstoestande (5)

4.2
- Onnodige beweging van werkers word uitgeskakel, daarom word minder werkers benodig
- Werkers is meer produktief wat tot verhoogde inkomste sal lei
- Arbeiskoste is laer
- Minder materiaalvermorsing vind plaas
- Onderhoudskoste van masjinerie is laer
- Vermindering van fisiese inspanning en uitputting
- Vervoerkoste van masjinerie is laer
- Produkte van goeie gehalte word geproduseer
- Verseker beter beheer oor produksie omdat die voorraadkamers gerieflik geplaas is, voorraad maklik verkrygbaar is en die werkvloei glad verloop
- Produksieprosesse wat glad verloop vereis minder bedryfskapitaal (9)

4.3
- Om produkte te produseer, moet voorsiening vir voldoende grondstowwe gemaak word.
- Die hoeveelhede wat nodig is, kan volgens die beplanningsgrafieke bepaal word.
- Die tydsberekening van die aankope moet bepaal word sodat die bergingsplek nie in die beplande tyd oorgebruik word nie,
- maar daar moet sorg gedra word dat voorraad betyds afgelewer word en produksie nie vertraag word nie. (4)

Kopiereg voorbehou

4.4 Die is kantoororganisasie en behels die toewysing van klerklike aktiwiteite aan die kantoorpersoneel,✓ asook die prosedure en metodes vir die doeltreffende uitvoering van hierdie klerklike aktiwiteite.✓ (2)

[20]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- 'n Skatting van die inkomste en uitgawes oor 'n bepaalde tydperk.
- 'n Begroting kan opgestel word vir 'n persoon, familie, groep mense, besigheid, regering, land, multinasionale organisasie of omtrent enigiets anders wat geld maak en bestee.
- 'n Begroting is 'n mikro-ekonomiese begrip wat die verrekening toon wanneer bepaalde goedere vir ander geruil word .

5.1.2
- Dit is metodiese beheer van 'n onderneming se bedrywighede
- deur die vestiging van standaarde en teikens
- oor die inkomste en uitgawes en 'n deurlopende monitering en 'n dienooreenkomstige aanpassing van prestasie.

(2 × 3) (6)

5.2 Die verskaffer
- Die verskaffer van die grondstowwe is seker dat die fabriek van die gereelde verskaffing van grondstowwe afhanklik is.
- Die verskaffer besef dat die gehalte van sy grondstowwe elke keer aan dieselfde standaarde en gehalte onderwerp sal word.
- Die sakeverhouding tussen die verskaffer en die fabriek is op 'n gesonde grondslag.

Die vervaardiger
- Die vervaardigers se bestellings word gereeld op die regte tyd, by die regte adres en in die korrekte hoeveelhede afgelewer.
- Dit lei tot 'n verlaging van koste omdat die vervaardiger nie hoef rond te soek om voorraad te kry nie.
- Die vervaardiger is verseker van gereelde voorraad teen 'n redelike en bestendige prys.
- Die voorsiening van voorraad vind op 'n gereëlde grondslag plaas. Die vervaardiger moet net verseker dat die korrekte bestellings geplaas word.

(ENIGE DRIE)

Die werknemer
- Wanneer produksie goed beplan en georganiseer is, bevorder dit werksbevrediging.
- Wanneer werknemers weet watter gehaltestandaarde van hulle verwag word, word onnodige argumente beperk.
- Werknemers is geneig om meer produktief te wees wanneer hulle onder aangename, veilige en higiëniese toestande werk.

(3 × 4) (12)

5.3
- 'n Groot verskeidenheid produkte met min produkstandaardisering.
- Volumes is beperk. (2)

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou